11 191.A.1(56)

# UNIVERSITEITSGEBOUE OP STELLENBOSCH

Deur prof. H.B. Thom, Rektor, U.S.

Die Burger het van die Universiteit se nuutste dameskoshuis, Irene, 'n foto geplaas wat die gebou nog maar bra onklaar toon: nog nie behoorlik klaar gepleister nie, en nog nie geverf en afgewit nie: en bowendien het die foto slegs 'n gedeelte van die koshuis gewys. Hiermee was die sneller getrek vir 'n paar kwaai papierbomme teen die styl van die Stellenbosse Universiteitsgeboue - amper net sulke kwaai bomme soos kritici indertyd teen die geboue van die Universiteit van Kaapstad afgevuur het toe dié geboue opgerig is.

Die standpunt van Die Burger is klaarblyklik - en hiermee kan ek nie foutvind nie - dat Stellenbosch, en by name die Universiteit van Stellenbosch, nie net aan Stellenbossers behoort nie, maar aan die hele volk. Wat op Stellenbosch en aan die Universiteit gedoen word, wek die belangstelling van baie mense buite-om op.

Vanselfsprekend is daar belangstelling vir die styl van ons geboue; en as dit daaroor gaan, is kritici en ondersteuners volop. Aan die kritiek is ons al amper net so gewoond soos aan die aanvalle op ons land se rassebeleid in die V.V.O. Maar - soos ook nou weer geblyk het - ons het darem baie meer ondersteuners as ons Regering in die V.V.O. Hoe dit sy, ons het hier nie met iets te doen wat suiwer net van plaaslike belang vir Stellenbosch is nie, en daarom waardeer ek dit, veral in hierdie tyd wanneer ruimte in koerante so beperk en duur is, dat Die Burger ons die geleentheid gee om 'n bietjie uit te gesels.

Party van die kritici het warm geword. Een het vertel van 'n buitelandse argitek wat op Stellenbosch sou gekom het, en, by die aanblik van ons geboue, amper ongeloofllike sterk afkeer sou uitgespreek het. Ek kan egter aan die anderkant tal van mense aanhaal wat die Universiteit besoek het -

en/........

en onder hulle ook hoogstaande, kundige buitelanders - en wat met die grootste byval van die Universiteitsgeboue gepraat het.

Een van hulle, die hoof van 'n groot Engelse universiteit, iemand wat al in baie lande gereis het en 'n verskeidenheid van universiteite besoek het, het, ná 'n besoek aan Suid-Afrika, met die hoogste lof van die Stellenbosse Universiteitsgeboue geskryf. En 'n mens kan nie sê dat hy my maar hoflikheidshalwe 'n kompliment wou maak nie, want hy het nie aan my geskryf nie, maar aan die Staatsinligtingskantoor, wat weer so vriendelik was om my 'n afskrif van die brief te stuur. 'n Ander hoogstaande buitelander, 'n verteenwoordiger van die National Geographic Magazine, wat ook reeds universiteite in baie lande besoek het, het, toe hy aan die begin van verlede jaar ~~deeglik~~ behoorlik met die Universiteitsterrein en -geboue op Stellenbosch kennis gemaak het, gesê: „This is one of the most attractive campuses I have seen for a very long time". Weer moet nie gemeen word dat hy vir my of die een of ander Universiteitsprofessor maar 'n leë kompliment wou maak nie, want hy is deur iemand van buite die Universiteit vergesel en het sy mening teenoor hom uitgespreek.

'n Ander kritikus het na die Universiteit van Jerusalem en die Weizmann-Instituut in Israel verwys, as voorbeelde van plekke waar die nuwerwetse boustyl (ons moet liewer sê bou-style, want daar is baie) met welslae gebruik is. Gelukkig het ek by albei hierdie plekke heelwat tyd deurgebring en ken ek hulle goed. Of hulle vergelykbare voorbeelde vir Stellenbosch is, betwyfel ek egter sterk.

Die Universiteit van Jerusalem is 'n heeltemal nuwe inrigting. Met groot opoffering en deursettingsvermoë is die geboue op die kliprante buite Jerusalem gebou, toe dit geblyk het dat die ou Universiteit (op die Scopus-berg), wat heeltemal in 'n ander rigting lê, soseer deur Mohammedaanse gebied omring was dat dit vir die Jode byna nutteloos geword het.

Al/............

Al die geboue van die nuwe Universiteit is gedurende die afgelope tien jaar opgerig, sodat daar glad nie die probleem ontstaan het om nuwe geboue by ou, bestaande geboue te laat aanpas, of om 'n bestaande tradisie of atmosfeer te respekteer nie. Ek mag byvoeg dat dit my, tydens my besoek aldaar, opgeval het hoe ondraaglik warm dit in party geboue was, en in die loop van gesprekke met verskeie dosente is aan my meegedeel dat dit die vernaamste klagte was wat hulle teen hulle geboue inbring.

Die Weizmann-Instituut (by Rehovot) is nie 'n Universiteit nie, dus nie 'n studieplek van honderde of duisende studente nie, dog hoofsaaklik 'n instituut vir wetenskaplike navorsing, vergelykbaar met ons W.N.N.R. Ook daar is nuwerwetse geboue opgerig, min of meer soos by Scientia van die W.N.N.R. naby Pretoria. My indruk was dat die geboue van die Weizmann-Instituut goed en netjies gebou is, dog ook daar kon 'n mens al gou agterkom dat 'n oormaat van groot vensters meebring dat sommige vertrekke ontsettend warm word. Hiermee wil ek natuurlik nog glad nie sê dat ál die geboue in die nuwerwetse boustyle, in 'n warm klimaat, noodwendig baie warm sal wees nie, of dat 'n mens nie - as jy dit kan bekostig - alle geboue van lugreëling kan voorsien nie. Ek konstateer maar net 'n feit in verband met geboue van twee inrigtings waarna as voorbeelde vir Stellenbosch verwys is.

Wat die kritiek betref, moet ek sê dat dit my 'n paar dae gelede darem 'n bietjie te magtig geword het toe ek moes lees dat ons duur bou en in ons geboue ruimte verkwis. So 'n stelling kan net op onkunde berus. Die Senaat, die Universiteitsraad, die Regering en almal wat ons bouplanne en boukoste ken, weet immers dat ons ons ruimte goed gebruik, en dat ons, dank sy die Bou-afdeling wat die Universiteit opgebou het, buitengewoon ekonomies bou. Verteenwoordigers van verskeie binnelandse en buitelandse universiteite het ook al hier navraag gedoen om te sien hoe ons daarin slaag om ons boukoste so laag te hou.

Teenoor/.......

Teenoor die briefskrywer-kritici het daar die ondersteuners gekom. Soberder van woord en kalmer van oordeel, het hulle reeds op 'n paar baie belangrike punte gewys: dat dit vir 'n Universiteit nie bowealles om die voorkoms van sy geboue gaan nie, maar eers en veral om die ruimte en doelmatigheid daarvan; dat kritici hulle liewer direk na die Universiteitsowerheid moet wend om hulle bedenkings daar voor te lê; dat smaak 'n erg subjektiewe saak is, wat van persoon tot persoon, veral wat geboue aangaan, radikaal kan verskil; en dat ons noodsaaklikerwyse in ons geboue op Stellenbosch 'n sekere mate van homogeniteit moet handhaaf om nie later in 'n doolhof van boustyle te verval nie.

Wat die Universiteitsowerheid ook al doen - trouens, wat enige owerheid doen - hy sal met sy geboue nooit almal tevrede stel nie. Al sou ons konsekwent „modern" bou, sou ons ook daarmee nog glad nie ál ons kritici tevrede stel nie. Want onder die kritici self is daar radikale verskille van opvatting en smaak. Ek het dit enkele jare gelede, toe ons die D.F. Malan-Gebou vir Anatomie en Fisiologie gebou het, treffend geïllustreer gesien. Iemand wat bekend gestaan het as 'n kritikus van ons geboue, het kwaai losgetrek oor die „stompheid" en „verbeeldingloosheid" van die gebou, terwyl iemand anders wat eweneens 'n kritikus was, en wat ook as 'n goeie kunskenner bekend is, 'n paar dae later gesê het dat die Universiteit geluk gewens kan word met hierdie gebou, wat dan „in alle opsigte geslaag" was en kwansuis as voorbeeld vir toekomstige Universiteitsgeboue moes dien.

Ondertussen is die Universiteitsowerheid op Stellenbosch oortuig daarvan dat hy 'n verstandige beleid volg. Dit was my voorreg om in die loop van verskeie uitgebreide reise in die buiteland universiteite te besoek en met universiteitsmense samesprekings te voer: in lande van die Vasteland van Europa, in Groot-Brittanje, in Amerika, Kanada, Australië,

Nieu-Seeland/........

Nieu-Seeland en Israel. Dit is my eerlike oortuiging dat die Stellenbosse Universiteitsgeboue, wat voorkoms en doelmatigheid betref, vir min ander hoef terug te staan. In ons natuurlike neiging om te kritiseer, besef ons miskien nie aldag nie dat ons in Stellenbosch, met sy geboue in hulle besondere omgewing, iets het wat baie ons beny, en wat ons nie maklik elders sal kry nie.

Ek gee geredelik toe dat alles in ons geboue nie reg is nie; daar is inderdaad dinge wat ek anders sou verkies het. Maar wat kan 'n universiteit, in verband met sy akademiese akkommodasie, méér verlang as bv. 'n D.F. Malan-Gebou, 'n Van der Sterr-Gebou, en geboue soos ons nuwe geboue vir Geologie en Bosbou? En wat kan 'n universiteit, in verband met sy koshuisgeboue, méér verlang as bv. 'n Minerva, 'n Eendrag, en 'n Irene - ja, daardie einste Irene waarvan die foto verskyn het!

Terloops, dit sal vir party van ons miskien goed wees om 'n keer by groot buitelandse universiteite besoek af te lê en te sien, selfs by rykes in Amerika, hoedat hulle op allerhande maniere probeer besuinig. In klaskamers en laboratoria word mure bv. dikwels nie afgepleister nie, maar daar word eenvoudig oor die bakstene of sementstene geverf of gewit; en in koshuise slaap in betreklike klein kamertjies soms vier of ses studente, op dubbeldekkerbedde.

In die lig van die meningsverskille oor ons Universiteitsgeboue kyk ek nou al met groot belangstelling uit na wat alles gesê sal word as die nuwe Wilgenhof voltooi is. Die Universiteitsowerheid het baie nou saamgewerk met huidige en met oud-Wilgenhoffers, en die gebou wat opgerig gaan word, dra die goedkeuring van al die betrokke partye weg. Maar kritici sal hulle ongetwyfeld sterk uitlaat: drie verdiepings, venster op venster, en op die koop toe 'n platdak! Ek weet egter ook dat ander dit weer gaan aaprys: gesonde harmonie van die oue en die nuwe, eenvoudige reguit lyne, en - dankie tog! - geen

rooi/........

rooi teëldak nie! Maar ook in die geval van Wilgenhof is die Universiteitsowerheid oortuig daarvan dat sy standpunt gesond is: hy ~~het~~ probeer 'n netjiese, gerieflike gebou ~~probeer~~ gee, maar hy ~~het~~ strewe ook daarna ~~gestrewe~~ om in die nuwe Wilgenhof soveel as moontlik van die atmosfeer en tradisie te handhaaf, wat die ou Wilgenhof beroemd gemaak het.

Lesers sal verstaan dat hierdie bydrae nie 'n polemiek in verband met allerhande detailpunte, wat deur indiwiduele persone genoem is, wil wees nie. Daarom het ek my net by hoofsake bepaal. Ek voel my egter geroepe om kortliks te verwys na die skrywe van mnr. F.L. Alexander wat 'n paar dae gelede soveel prominensie in Die Burger geniet het. Immers, mnr. Alexander is kunskritikus van Die Burger, en hy staan daarom in 'n bevoorregte maar tegelyk verantwoordelike posisie.

Dit is natuurlik welbekend dat mnr. Alexander 'n skerp kritikus van ons geboue is. Toe ons dus nou weer 'n prominente bydrae van hom daaroor sien, het ons al by voorbaat geweet wat om te verwag. Hy sê sekere dinge wat ongetwyfeld ernstige oorweging verdien, maar aan die ander kant maak hy stellings wat 'n mens nie maklik kan onderskryf nie.

Hy begin deur sy kritiek vas te knoop aan twee geboue, die D.F. Malan-Gebou en die Van der Sterr-Gebou, wat, soos hy sê, „twee van die nuutste" geboue is. Ek wys vereers maar net daarop dat daar ondertussen ~~darem~~ al verskeie ander geboue ontstaan het, soos Minerva, Eendrag, die nuwe Harmonie, Irene, die herboude Administrasiegebou, die nuwe Bosbougebou en die nuwe Geologiegebou.

In verband met die D.F. Malan-Gebou, wat deur mnr. Alexander so kras gekritiseer word, weet ek nou nie mooi waar ek staan nie, want ek het reeds vermeld dat 'n ander kunskenner, wat wel op ander geboue openhartige kritiek uitgespreek het, die D.F. Malan-Gebou so hoog aangeprys het.

In/.........

In verband met die ingangsportaal van die Van der Sterr-Gebou praat mnr. Alexander o.a. van die „swaar traprelings". Ek kan glad nie hiermee saamstem nie, en wonder of daar nie 'n misverstand is nie. 'n Nieu-Seelandse universiteitshoof, wat spesiaal na die huisvesting van die Departement van Sielkunde in die Van der Sterr-Gebou gaan kyk het en groot lof vir die gebou gehad het, het hierdie selfde traprelings „a little flimsy" genoem. Hoe 'n mens ook al mag oordeel, ek dink nie jy sal, in 'n universiteitsgebou, maklik so 'n keurige, netjiese ingangsportaal kry soos in hierdie gebou nie. Belangstellendes moet maar self gaan kyk, en self oordeel.

In sy kritiek op die D.F. Malan-Gebou verwys mnr. Alexander na die „geweldige deuropening", na die klein ruimte tussen die dak en die boonste verdieping se vensters (wat lyk of hulle „onderaan 'n smal lysie hang") ens. Wat hy egter nie weet nie, is dat hierdie gebou, wat tans twee verdiepings het, ontwerp is as 'n drieverdieping-gebou (en die derde verdieping sal, vanweë ons snelle uitbreiding, seker ook nie meer te lank uitgestel kan word nie). Hierdie gebou moet dus in sy finale vorm, as 'n drieverdieping-gebou, beoordeel word, en vanselfsprekend sal daarom veel van wat mnr. Alexander sê, in die lig hiervan hersien moet word. Indien mnr. Alexander met my kom gesels het voordat hy sy artikel geskryf het, sou ek hom graag hierdie inligting gegee het.

Verder praat ~~mnr. Alexander~~ hy van 'n verskeidenheid van besonderhede in die geboue, wat hy dan uit 'n kunsoogpunt ~~oorweeg~~ bespreek. Nou weet 'n mens maar al te goed dat daar oor ál hierdie besonderhede onder kunstenaars en kunskritici groot verskille van mening kan bestaan.

Maar 'n mens kom ook dadelik agter dat mnr. Alexander nie 'n praktiserende argitek is nie, en glad nie bewus is van die probleme wat die behoeftes van die werk van die besondere

departemente/.......

departemente, wat in die betrokke twee geboue gehuisves word, vir die argitek meegebring het nie. Dit lê voor die hand dat bv. die plasing van vensters en die grootte daarvan in hoë mate deur sulke behoeftes beïnvloed word. Maar mnr. Alexander hou nêrens in sy stuk hiermee die minste rekening nie.

Ek weet nie of ~~mnr. Alexander~~ hy die twee inrigtings in Israel ken wat reeds genoem is ~~nie;~~ (nie, die Universiteit van Jerusalem en die Weizmann-Instituut, en) of ~~ook,~~ naas hulle, 'n derde in Israel, nl. die Technion naby Haifa. Indien wel, sal hy weet hoe daar veral by hierdie drie nuwe inrigtings geworstel is met die probleme van die praktiese behoeftes van universiteits- en navorsingsdepartemente, en hoe daar in baie gevalle geen oplossing, wat aan estetiese eise voldoen, ~~het,~~ gevind kon word nie.

Daar is al baie keer gevra waarom die Universiteit, met die oog op sy geboue, nie van wedstryde vir argitekte gebruik maak nie; en mnr. Alexander verwys ook nou weer na so 'n moontlikheid. Dit lyk so voor-die-hand-liggend, so maklik, so goed en gesond, dat ~~dit~~ ~~vir~~ baie mense dit as die regte oplossing ~~lyk.~~ aanprys.

Die Universiteit het egter gevind, wat baie ander instansies ook reeds gevind het, nl. dat dit glad nie die goeie oplossing is wat dit ~~op die oog af~~ (met die eerste oogopslag) lyk nie. Besige, senior argitekte neem gewoonlik nie aan sulke kompetisies deel nie, omdat hulle nie baie tyd en aandag en duur mense vir 'n groot plan kan afstaan, as hulle nie redelike sekerheid het dat hulle die betrokke kontrak sal kry nie. Bowendien is die reëls, wat aan sulke kompetisies verbonde is (waarop ek nie nou kan ingaan nie), van so 'n aard dat baie instansies dit onaanneemlik vind om kompetisies uit te skryf.

Owerigens het ek ongelukkig nie onder die indruk daarvan gekom dat mnr. Alexander sy kritiek op die mees positiewe wyse uitspreek nie. Sarkasme is in so 'n stuk nie gepas en nie nodig nie. Om bv. die middeldeel van die Van der Sterr-

Gebou/..........

Gebou te kenskets as „'n soort moderne Noags ark", wat topswaar word en wegswem, mag grappig klink, dog opbouende kritiek word nie in sulke woorde geklee nie.

By die artikel van mnr. Alexander is daar vier interessante foto's geplaas. Ek dank Die Burger vir sy bereidwilligheid om ook vir my ruimte vir 'n paar foto's af te staan. Dit spyt my dat hulle soveel plek opneem, maar as hulle te klein afgedruk word, gee hulle nie meer 'n suiwere indruk nie.

Ons het nie die tyd en ruimte om hierdie foto's in besonderhede te bespreek nie, maar ek wys net op ~~'n~~ sekere uitstaande punte.

Die eerste toon 'n paar van die Universiteitsgeboue, in hulle omgewing gesien. Dit is 'n hoekie van die Jan Marais-Plein, die middelpunt van die Universiteitsterrein. 'n Argitekvriend van my het, na aanleiding van hierdie foto, in Johannesburg aan my gesê dat hy daarin 'n mooi voorbeeld sien van „harmonie tussen geboue en omgewing". ~~Ander~~ Sommige mense mag van hom verskil, maar ~~ek stem van harte met hom saam. Hoe ander tipes~~ daar sal baie wees wat van harte met hom sal saamstem. Hoe ander tipes van geboue hier gaan lyk, weet ek nie; hulle mag beter lyk, of hulle mag slegter lyk. Maar ek sou nie wil eksperimenteer nie.

Tweedens gee ek 'n buite-hoekie van die nuwe manskoshuis, Eendrag. Dit bevat verskeie van die kenmerke wat hard gekritiseer is: die lang, reg-op trapvenster, die teëldak, die ligkleurige mure, en miskien ook „'n toonbeeld van swak ontwerpte smeedysterwerk". Die leser moet maar vir homself oordeel. Vir baie sal die foto egter netjiese, skoon lyne uitbring, wat geen studentewoning oneer sal aandoen nie.

Die derde foto toon die middelste gedeelte, met hoofingang, van die dameskoshuis, Minerva. Sommige van die lyne wat uit die vorige foto spreek, word duidelik ook weer hier gesien. Party mense sou miskien die dak wil kritiseer, of

die/.........

die voordeur, of die grootte en die plasing van die vensters; andere sal dit goed vind. Maar die meeste sal moet saamstem dat ons hier 'n vriendelike, gesellige gebou het, wat 'n geskikte, waardige tuiste vir studente bied. Inmiddels kan ons darem ook sien dat die dametjies hulle nie ongelukkig voel nie, en hulle ouers seker ook nie.

Wat die Universiteit betref, wil ek die versekering gee dat hy altyd kritiek sal verwelkom, mits dit positief en opbouend is en in die regte gees gegee word. Laat dit egter ondertussen goed verstaan word: Die Universiteit sal wel bereid wees om by sy nuwe uitbreidings, bv. in Bellville en Parow, meer in die moderne gees te bou (soos hy tans ook reeds in Bellville doen), maar met die styl van sy geboue op Stellenbosch sal hy nie op onverantwoordelike wyse gaan rondspring nie - nie met akademiese geboue nie, nie met koshuise nie, en nie met die Langenhoven-Gedenksaal nie. Maar hy sal altyd terdeë rekening hou met die behoeftes waaraan geboue moet voldoen, en hiervoor sal hy die nodige deskundiges en die betrokke professore en ander Universiteitsamptenare, wat in die geboue moet werk, oorvloediglik raadpleeg. Die geboue sal steeds 'n fatsoenlike, netjiese voorkoms hê, wat in die omgewing van Stellenbosch pas. Dit het die Universiteit in die verlede na die beste van sy vermoë gedoen, en dit sal hy in die toekoms ook doen. Dit is inderdaad die enigste manier om te behou wat ons in Stellenbosch het, en om te voorkom (wat ons almal sou betreur) dat Stellenbosch, in sover dit sy Universiteitsgeboue aangaan, weldra 'n konglomeraat word.